



Formele Assessering

AFRIKAANS GRAAD 8 EAT - Taak 7

Naam en
van:

GR.8E__

LUISTERTOETS: Orkney Snork nie

S3 Episode 9

Eksaminator: M. Swanepoel

Dubbel periode

Moderators: L. Nagel en R. Smuts

15 PUNTE

Instruksies moet eers deeglik deur die onderwyser aan die leerders oorgedra word.

1. Jy gaan nou na gedeelte van Orkney Snork nie kyk. Die gedeelte handel oor hoe Wimpie en sy meisie by die atletiek gaan opdaag en wat na die tyd gebeur het.
2. Tydens die eerste kyk mag jy nie notas neem nie, kyk net en geniet wat gaan gebeur.
3. Na die eerste kyk gaan jy 'n stel vrae ontvang. Lees dit deeglik deur.
4. Dan gaan die tweede en FINALE luister plaasvind. Jy mag nou notas maak. Let veral op inligting wat op 'n lysie geskryf kan word en wat gebeurde verduidelik.
5. Baie sterkte en geniet die luistertoets.

Spasie vir notas:

Beantwoord die volgende vrae:

1. a) Watter kar het die man vir Wimpie en sy meisie gereël? (vlak 1) [1]
b) Watter kleur is die kar? Skryf in AFRIKAANS. (vlak 1) [1]
2. Hoe weet ons dat die kar baie populêr is? (vlak 2) [1]
3. Verduidelik wat jy verstaan met “loop-en-knyp-spoed”. (vlak 4) [1]
4. a) Wie se idee was dit om 'n partytjie te hou? (vlak 1) [1]
b) Neem die persoon verantwoordelikheid daarvoor aan die einde?
Motiveer jou antwoord. (vlak 3) [2]
5. a) Hoekom mag hulle nie 'n partytjie hou nie? (vlak 3) [1]
b) Wat sal die straf wees as hy dit nie doen nie? (vlak 3) [1]
6. Waar het die gesin vakansie gehou? Gee EEN woord. (vlak 3) [1]
7. Wat het die volgende karakters verloor:
a) Klein seuntjie (vlak 2) [1]
b) Die pa (vlak 2) [1]
8. Wat gaan Wimpie moontlik verloor? (vlak 3) [1]
9. Noem een gedeelte van die video-greep wat jy baie geniet het.
Verduidelik hoekom jy daarvan gehou het. (vlak 5)[2]

15 punte

Barret	Punte	Vrae:
Vlak 1+2	6	1a 1b 2 4a 7a 7b
Vlak 3	6	4b 5a 5b 6 8
Vlak 4+5	3	3 5

Memorandum

Orkney Snork nie – Luistertoets

1. a) Watter kar het die man vir Wimpie en sy meisie gereël? (vlak 1) [1]
Hotrod / Pocketrocket
- b) Watter kleur is die kar? Skryf in AFRIKAANS. (vlak 1) [1]
Pienk
2. Hoe weet ons dat die kar baie populêr is? (vlak 2) [1]
(Enige EEN)
Die kar is al drie keer vir troues gebruik
Kersvader het by 'n mynpartytjie opgedaag met die kar.
3. Verduidelik wat jy verstaan met "loop-en-knyp-spoed". (vlak 4) [1]
Jy ry baie stadig.
4. a) Wie se idee was dit om 'n partytjie te hou? (vlak 1) [1]
Wimpie se meisie
- b) Neem die persoon verantwoordelikheid daarvoor aan die einde?
 Motiveer jou antwoord. (vlak 3) [2]
Nee, sy hardloop weg en los Wimpie alleen met sy ouers.
5. a) Hoekom mag hulle nie 'n partytjie hou nie? (vlak 3) [1]
Wimpie het sy pa belowe hulle sal die huis oppas.
- b) Wat sal die straf wees as hy dit nie doen nie? (vlak 3) [1]
Hy sal pakslae kry (al sy gatvelle verloor)
6. Waar het die gesin vakansie gehou? Gee EEN woord. (vlak 3) [1]
Margate
7. Wat het die volgende karakters verloor:
 a) Klein seuntjie (vlak 2) [1]
Sy plastiek emmertjie
- b) Die pa (vlak 2) [1]
Sy stem - laringitis
8. Wat gaan Wimpie moontlik verloor? (vlak 3) [1]
Sy gatvelle wanneer hy pakslae kry.
9. Noem een gedeelte van die video-greep wat jy baie geniet het.
 Verduidelik hoekom jy daarvan gehou het. (vlak 5)[2]
Enige gedeelte, met 'n toepaslike motivering.